# 7 November 2023 - Lesing 169 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Geestelike gewigtigheid is nie dieselfde as geestelike arrogansie nie – 23/10/60

**NO: 7730** Die geestelike gewigtigheid moet nie verwar word met geestelike hoogmoed nie. Wanneer Ek 'n mens in die waarheid inlei, wanneer hy deur My Woord onderrig word om vir die medemens 'n bruikbare leraar te word, dan mag hy ook met oortuiging met sy kennis uitkom, **omdat dit van My af kom** en hy sal dan ook seker daarvan kan wees dat hy die suiwere waarheid ontvang het en dat hierdie waarheid 'n hoër waarde het as menslike kennis wat deur die verstand verwerf is en wat nooit as waarborg kan staan vir die waarheid nie, indien My Gees nie kon werk nie.

En daar kan dus nooit van geestelike arrogansie gepraat word **wanneer dit daarom gaan om op te kom vir die waarheid uit My**, wat die mens **regstreeks** van My af ontvang nie. Elke terughoudendheid sou dan verkeerd wees, wanneer die moontlikheid bestaan om My geestelike leringe vir die mense te bring. Julle moet egter **nie die "pêrels voor die swyne"** werp nie, dit wil sê, om nie daar te praat waar julle duidelik die gees van My teenstander herken nie, omdat die waarheid ook nie as sodanig daar ingesien word nie en **elke toespreking tevergeefs sal wees**.

Wie egter deur My Gees onderrig word, moet ook gewag maak van die werksaamheid van My Gees en hy moet openlik en vasberade optree vir My Woord. Hy sal dit ook kan doen, want sodra hy spreek vir My en My ryk, **bedien Ek Myself van hom en spreek deur hom** en dan sal julle waarlik nie kan sê: Daar spreek 'n arrogante gees uit hom nie.

Wie eenmaal deur My met die waarheid bekendgemaak is, het ook self die insig, - hy sal elke samehang herken en kan dus ook daaroor spreek.

En wanneer hy verseker is van die waarheid van sy kennis, omdat hy "**deur die Gees**" onderrig word, sal hy ook selfversekerd optree en verkeerde opvattinge weerlê, of goeie opheldering kan gee en dan kan hy nie arrogant genoem word nie, veeleer moet sy geestelike gewigtigheid ingesien en erken word.

Die waarheid wat hy oorbring moet indruk maak op die toehoorder en hom ook **die innerlike sekerheid gee dat dit Ek Self is Wie deur die mond van 'n mens tot hom spreek.** En omdat Ek op hoogte is van **die wil van My ligdraers,** kan Ek ook My geestesgawes so uitdeel dat dit ook gewaardeer word.

En Ek kies vir My daarom Self My dienaars uit wat die opdrag het om die suiwer waarheid vêrder te lei. En wie van goeie wil is, die herken die waarheid en neem haar dankbaar in ontvangs, wie van goeie wil is, word met die draers van die waarheid saamgebring, sodat ook hy met die waarheid bekendgemaak word, na gelang van sy wil.

En steeds sal julle daaraan moet dink **dat Ek My genade slegs aan die deemoedige skenk,** dat 'n mens wat dus arrogant van gees is, nooit as te nimmer die genadegawes, deur My gestuur, sal kan ontvang nie, omdat slegs 'n diep deemoedige hart daartoe in staat is om hulle op te neem, of julle sal alles moet verwerp wat aan julle gebring word, - wat julle egter by ernstige ondersoek nie sal kan doen nie.

**Geestelike gewigtigheid is slegs die algehele sekerheid om vas te staan in die waarheid** en dit verlang Ek van My ligdraers, omdat hulle andersins nie met volle oortuiging die waarheid uit My sou kan uitdra teenoor hulle medemens nie.

En dit is noodsaaklik dat daar vir die mense wat in die duisternis van gees verkeer, lig gebring word, **dit is nodig dat hulle weg verlig word wat opwaarts lei,** want op donker weë kom die mens nie vooruit nie, hy sal inteendeel steeds vêrder afsterwe op pad na die diepte.

Daarom sal Ek julle steeds weer die lig laat toekom en salig is hy wat dit aanneem, salig is hy wat die weg gaan wat in die **Lig van die Waarheid** vir hom toon. Amein.